

30 Augustus

Tevredenheid van die kinders van God

Skrifgedeelte: Titus 2:1-10

Fokusgedeelte: Titus 2:9

Soos in 1 Timoteus 6:2, beskryf Paulus nie hier vir slawe hoe hulle moet optree teenoor hulle eienaars nie, hy gee geen beskrywing hiervan in dié gedeelte nie. Paulus laat val die klem hier op die lewe van hierdie slawe in die samelewing met ander mense; hulle moet dus nog altyd aan hulle eienaar getrou lewe, alhoewel daar dikwels teen hulle gediskrimineer sal word. Dit moet hulle ook dankbaar maak sodat hulle dan weet wat om aan hulleself te verbeter. Dus kom dit daarop neer dat hierdie kritiek teen hulle dankbaar opgeneem en omgedraai kan word, om sodoende hulleself te verbeter deur op hulle swak punte gewys te word. Hierdie beginsel kan ons dan in ons eie lewe toepas: As daar teen jou gediskrimineer word, doen jou plig des te beter! Dit beteken nie dat daar nou sommer gediskrimineer kan word nie; wees sensitief vir moontlike diskriminasie, vermy dit ook in jou optredes.

Wees getroos dat die Christelike godsdiens opbouend is! Met die opbouende Christenskap kan ons ook ons lewens in tevredenheid lewe en alles in ons vermoë doen om ons Hemelse Vader tevrede te stel. Deur as opregte Christene te lewe, kan ons ook die aansien van die leer van ons Verlosser verhoog. Wees 'n getroue dienaar van Christus en meer as tevrede vir die wonders van God wat ook elke dag in jou lewe plaasvind.

Teologiese Student Rynhardt Pretorius